higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 4

(11020274)

18 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'Moving South Africa' is 'n beleidsraamwerk wat 'n 50-jaar periode dek.

1.2 Korrupsie sal nie binne regeringsdienste geduld word nie.

1.3 'n Versoek om 'n tendervoorstel moet die sluitingsdatum vir die tender aandui.

1.4 'n Intermodale skeidingsvlak is 'n roete tussen twee hoof- ekonomiese areas waarlangs vrag op verskeie maniere vervoer word.

1.5 Bergingskostes verwys na kostes wat geassosieer word met die aflewering van 'n produk.

1.6 'n Kleinhandelaar koop goedere by 'n vervaardiger, verspreider of groothandelaar en verkoop dit aan 'n kliënt.

1.7 Winsgewendheid is die vermoë om meer geld te maak as wat die besigheid bestee.

1.8 ACSA besit en bedryf die nege hoof- Suid-Afrikaanse lughawens.

1.9 Invoerhantering behels alle aktiwiteite wat verband hou met invoer-vragvervoer, hantering en aflewering van houers aan kliënte.

1.10 Goud is Suid-Afrika se hoofinvoerproduk.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term vanuit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK NEER.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Implementasievoorbeeld van die Nasionale Vervoermeesterplan	A	belasting op toegevoegde waarde
2.2	Word gebruik om die pryspunte ('points for price') te bereken ten opsigte van tenders met 'n randwaarde bo R1 miljoen	B	vervaardiger
		C	wins
2.3	Ingesluit by die tenderprys	D	kliëntkoppelvlak
2.4	Punt waar oordrag van goedere vanaf een modus na 'n ander plaasvind	E	kliëntevraelys
		F	snel busvervoer
2.5	Skakel grondstowwe om in voltooide goedere	G	handelsbalans
2.6	Verskil tussen inkomste en uitgawes	H	intermodale koppelvlak
2.7	Kostes wat geassosieer word met die indiensneming van personeel	I	mannekragkostes
		J	90/10- voorkeurpunt-stelsel
2.8	Verskil tussen die waarde van goedere en dienste wat in- en uitgevoer word		
2.9	Enige kontakpunt tussen 'n kliënt en een van die werknemers van die maatskappy		
2.10	Vorm wat skriftelik of elektronies deur kliënte voltooi moet word		

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Noem VIER wetgewings wat padvervoer reguleer. (4)

3.2 Noem kortliks die doel van elk van die volgende beleidsdokumente:

3.2.1 Nasionale Vraglogistiekstrategie

3.2.2 Witskrif op Nasionale Vervoerbeleid

3.2.3 Niegemotoriseerde Vervoerbeleid

(3 × 4) (12)

3.3 Noem VIER instellings wat gewoonlik tenders uitreik. (4)

3.4 Noem VIER items wat op die dekblad van 'n tenderdokument verskyn. (4 × 2) (8)

3.5 Noem TWEE gevalle waar 'n tender as nieresponsief ('nonresponsive') beskou word. (2 × 2) (4)

[32]

VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

PLAN OM TERUG TE KEER NA SPOORVRAG IS OP PAD

'n Bod om die disfunksionele spoorvervoerstelsel vir goedere te laat herleef as 'n alternatief vir padvragvervoer is onderweg.

Die voorsitter van die portefeuljekomitee vir Openbare Ondernemings, Lungi Mnganga-Gcabashe, het gesê dit sal verkeersopeenhopings verminder, padongelukke verminder en tyd en geld spaar. Dit sal ook 'n positiewe impak op pryse hê, die landelike ekonomie 'n hupstoot gee en werk skep vir gemarginaliseerde afgeleë gemeenskappe.

Die staatsbeheerde logistiekutiliteit, Transnet, is gevra om dit te oorweeg om sy vervoerswyse vir goedere vanaf padvrag na spoorvrag te verander.

'Die belangrikste kwessie is om die skade aan padoppervlaktes te verminder wat deur vragmotors veroorsaak word wat goedere oor ons land heen vervoer. Ons spoorweginfrastruktuur word onderbenut terwyl die paaie belas word. Die toestand van nasionale paaie en die hoë padsterftekoers is vir die komitee 'n bron van kommer. Daarom moet Transnet daarop fokus om oor te skakel van pad na spoor vir vragvervoer,' het Mnganga-Gcabashe gesê.

[Bron: *https://citizen.co.za/news/south-africa/1870753/plan-to-backtrack-to-rail-freight-underway*]

4.1.1 Identifiseer, vanuit die artikel, DRIE voordele daarvan om goederevervoer van pad na spoor te verander. (3 × 2) (6)

4.1.2 Gee DRIE redes waarom Transnet daarop moet fokus om vrag-vervoer van pad na spoor te verander. (3 × 2) (6)

4.1.3 Noem die staatsbeheerde onderneming vir spoorvervoer. (1)

4.2 Bespreek in detail die voordele van elk van die volgende sinergieë wat bereik kan word deur geïntegreerde logistiekbestuur:

4.2.1 Koöperatiewe bestuur

4.2.2 Kostevermindering

(2 × 2) (4)

4.3 Noem DRIE faktore wat tot die groei van geïntegreerde logistiekbestuur bygedra het. (3 × 2) (6)

4.4 Tabuleer 'n aanvoerkettingmodel ('supply chain model') waarby SES partye betrokke is. (6)

4.5 Noem VIER kostegroepe wat betrokke is by 'n geïntegreerde aanvoerketting ('supply chain'). (4)

[33]

VRAAG 5

5.1 Gebruik die onderstaande inligting en trek die inkomstestaat van Porcupine Logistics op vir die jaar geëindig op 30 Junie 2018.

Verkope	5 500 000
Verkoopskostes	2 500 000
Salarisse	500 000
Brandstof	800 000
Instandhouding	70 000
Elektrisiteit	60 000
Waardevermindering	80 000
Tolfooie	10 000
Telefoon	15 000

(12)

5.2 Noem DRIE interne faktore wat 'n impak op die winsgewendheid van 'n logistiekmaatskappy het. (3)

5.3 Gee kort redes waarom maatskappye sommige van hul aktiwiteite na ander maatskappye kan uitkontrakteer. (2 × 2) (4)

5.4 Verduidelik kortliks VIER gevolge van 'n swakbestuurde pakhuis. (4 × 2) (8)

5.5 Noem VIER prosesse wat in 'n pakhuis uitgevoer word. (4)

5.6 Definieer die term *tros ('cluster')*. (2)

[33]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae.

> Indien ons kyk na die farmaseutiese bedryf, is die Suid-Afrikaanse bevolking die grootste verbruiker van farmaseutiese produkte. Wanneer ons na sommige van hierdie statistieke kyk, dink ek kan ons sien dat daar groot uitdagings is deurdat ons 'n groot handelstekort van sowat R20 biljoen het. Dit beteken ons voer farmaseutiese produkte ter waarde van R20 biljoen in as wat ons uitvoer,' het mnr. Davies, minister van die departement van handel en nywerhede, gesê.

[Verwerk uit: *https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2018-05-29*]

6.1.1 Wat beteken die term *handelstekort*? (2)

6.1.2 Verduidelik VYF faktore wat die prysvasstelling van ingevoerde goedere bepaal. (5 × 2) (10)

6.1.3 Noem TWEE lande wat handelsvennote met Suid-Afrika is. (2)

6.2 Gee DRIE voordele daarvan om opspoorstelsels in voertuie te installeer. (3 × 2) (6)

6.3 Gee TWEE voorbeelde van 'n satellietvoertuigopspoorstelsel. (2)

6.4 Noem TWEE instrumente wat gebruik word om terugvoer van kliënte te kry. (2)

6.5 Verduidelik VIER doelwitte van 'n kliëntebeleid. (4 × 2) (8)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou